# Hoofstuk van die dag: Prediker 11

*Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou,*

*maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie. (vers 9)*

’n Bekende spreuk in ons tyd is: leef in die oomblik. Moenie tob oor wat was, of droom oor wat nog gaan gebeur nie. Nou is al wat jy het en waaraan jy iets kan doen.
Dis iets hiervan wat die Prediker hier sê. Solank jy kan, moet jy die lewe ten volle leef en geniet, want dit gaan nie vir altyd hou nie (12:1). Leef só dat jy ’n gesonde gees en gesonde liggaam koester (vers 10). En leef só dat jy niks vir God hoef weg te steek nie (vers 9).
Wanneer ’n mens oud is, val die vernislagie af en bly net die ware jy oor. Daar is nie meer pretensie nie. Daarom kry jy knorrige oumense; dís wat oorgebly het toe die sosiale vernis weggeval het. Jy kry ook mooi oumense – liefdevol en bedagsaam. Dis hulle ware self wat onder die vernis uitkom.
Om mooi oud te word, moet ek en jy solank ons kan, aan ons ware self werk.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026